Gimmie Griffie

27 September 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 29***

GEAGTE OUERS

Baie dankie vir u ondersteuning en samewerking in 'n baie besige kwartaal. Ons wens u 'n rustige en aangename vakansietyd toe.

Dankie aan almal wat saamgewerk het om die rekordeksamen vlot te laat verloop. Die matrieks kry vroeg volgende kwartaal 'n rapport met die rekord-eksamen se punte.

Die graad 8- tot 11-leerders ontvang volgende kwartaal 'n puntestrokie met hulle jaarpunt op.

Voorspoed vir me. Rona van Wyk en haar span vir die matriekafskeid.

Ons vestig graag u aandag daarop dat die matrieks **normale skool het tot Woensdag 17 Oktober** waartydens die eksamenrooster en -reëlings uitgedeel word. Hulle kan om 09:00 verdaag. Die erediens en prysuitdeling van die matrieks vind op Donderdagaand 18 Oktober om 18:00 in die skoolsaal plaas. Dit gaan primêr oor die erediens, derhalwe vra ons dat alle ouers dit bywoon, al ontvang u kind nie 'n toekenning nie.

Baie sterkte met die skyfskiet en krieket wat in die vakansie plaasvind.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

EERSTE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 9 Oktober
Skool heropen

Woensdag 10 Oktober
Visuele Kuns & Ontwerp (07:30-17:30)
Krieket 4de NW-semifinaal

Donderdag 11 Oktober
Visuele Kuns & Ontwerp (07:30-17:30)
Atletiek: Liga-byeenkoms
Rugby: Potch-sirkelvergadering
Koshuisdinee

Vrydag 12 Oktober
Visuele Kuns & Ontwerp (07:30-17:30)
Atletiek: Naboomspruit
Tennisuitspele: o/16 & o/19

Saterdag 13 Oktober
Atletiek: Naboomspruit
Tennis uitspele: o/16 & o/19
Krieket
Skaak: NW-semifinaal
Swem: Menlopark
GEEXPO (IT & Wisk.) NWU-Vaal

ATLETE PRESTEER

By die *King Price*-aflosbyeenkoms by Tukkies het ongeveer 60 Gimmies deelgeneem. Ander skole was onder andere Garsfontein, Menlopark en Kemptonpark.

Gimmies wen die 8 x 100 meter gemengde aflos.

Die o/16-dogters wen die velditem-afdeling en die o/15-dogters eindig tweede.

Verskeie atlete behaal eerste plekke.

RTT GR. 12 EKSTRA KLAS

9 Oktober	Ms Word	14:00
10 Oktober	Ms Excel	14:00
11 Oktober	Ms Access	14:00

Dans onder-die-sterre
Datum: 16 Oktober 2018
Plek: Feather Hill
Drag: "Classy"-sjiek
Tyd: 18h00
Prys: R100 p.p. (ete ingesluit)
Slegs hoërskool kinders
Koeldrank sal te koop wees
Kaartjies: Jacqueline – 072 541 3974
Milana – 079 790 6078,
of enigê een van die o15A netbaldogters